CCPS An AIChE Technology Alliance
Center for Chemical Process Safety
www.aiche.org/ccps


Process Safety Beacon 10 Year Anniversary
http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx
Boodskap vir bedryfspersoneel

Die uitgawe is geborg deur
ioMosaic
www.iomosaic.com

# Een insident- Drie Beacons! (en daar kon meer gewees het)

November 2011






Gereelde Beacon lesers sal moontlik die fotos links herken. Die boonste foto is die brand by die Sunray rafinadery in Texas op 16 Februarie, 2007. Die tweede foto wys van die skade. Drie werkers is beseer en die rafinadery is vir 'n tyd gesluit. Die insident is bespreek in drie Beacons en die lesse verskil baie:

- •Oktober 2008: Ys bars 'n pyp wat nie meer gebruik word nie en veroorsaak 'n brand.
- •Mei 2010: Brandbeskerming van strukture.
- •September 2011: Gevare van toerusting wat nie meer gebruik word nie.
- •Daar is nog meer dinge wat mens kan leer uit die insident.


Die volledige verslag onder die naam: "Valero Refinery Propane Fire Investigation" is beskikbaar by www.csb.gov




Oktober 2008




Mei 2010




September 2011



**Die Beacon is 10 jaar oud die maand!**

**Die Beacon het sedert November 2001 veiligheidslesse gedeel met aanleg werkers regoor die wêreld in 'n groeiende aantal tale. Die direkte e-pos lys het meer as 21 000 e-pos adresse. CCPS wil graag sy lede organisasies, die Beacon borge, die Beacon Kommitee en die meer as 40 vrywillige vertalers bedank wat dit moontlik maak om die inligting te deel sodat ons veiligheid in ons industrie kan verbeter.**

## Het jy geweet?

- ➔Mens kan meer as een ding leer van 'n insident.
- ➔Meeste insidente het meer as een kern oorsaak. (Root cause)
- ➔Meeste insidente het meer as een bydraende oorsaak, soos byvoorbeeld: Veiligheidstoerusting of noodafsluittoerusting wat nie gewerk het nie, faling van 'n beheersisteem of prosedure om 'n afwyking in die proses te beheer, die noodplan wat nie reg gewerk het nie, ens.
- ➔Jy kan niks leer van 'n insident wat nie geraporteer is nie!

## Wat kan jy doen?

- ➔Jy moet weet hoe om insidente en amper insidente te herken en hoe om dit te rapporteer sodat dit ondersoek kan word.
- ➔As jy betrek word by 'n insident ondersoek, dring daarop aan dat die ondersoek volledig gedoen word.
- ➔As jy van 'n insident lees, of die Beacon lees, kyk of daar lesse is wat jy kan leer wat van toepassing kan wees op jou aanleg.
- ➔Soek meer inligting oor 'n Beacon insident. ***Die Beacon het nie genoeg plek om alles in te sluit wat leersaam is nie.***

**_Maak seker AL die lesse van 'n insident word raakgesien!_**

AIChE © 2011. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Arabic, Afrikaans, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Greek, Gujarati, Hebrew, Hindi, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Polish, Portuguese, Romanian, Russian, Spanish, Swedish, Tamil, Telugu, Thai, Turkish, and Vietnamese.**